

Hoofstuk van die dag: Hebreërs 2

God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heerlikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring. (vers 10)

Ons verlossing het begin lánk voordat ons bestaan het – in God se hart. Ons verlossing is sý plan. God wou baie laat deel kry aan sy heerlikheid (vers 10).
Dit het meer gevra as dat die Seun van God op ’n goeie dag aarde toe gekom het en gou-gou aan die kruis vir ons sondes kom sterf het. Want sonde kan nie met ’n kitsoplossing reggedokter word nie. Christus moes ’n _mens_ word. Hy moes ons Verlosser _word._ Hy moes ’n lang pad loop voordat Hy ons Verlosser kon wees.
En Hy het ons nie net halfpad kom help nie. Hy het nie na die wêreld gekom net om ons _Verlosser_ te wees nie. Hy het ook gekom om ons _Leidsman_ te wees, om ons as ons oudste Broer voor te gaan in ons lewe as kinders van ons hemelse Vader, om vir ons die pad te wys, om ons te leer hoe ’n verloste kind van God moet lewe.
Broer, Leidsman, Verlosser – dís Christus!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026